Kies om te leef

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:
Génesis 2:8, 9; Romeine 6:23; I Johannes 5:12; Deuteronómium 30:1–20; Romeine 10:6–10; Deuteronómium 4:19; Openbaring 14:6–12.

Geheueteks: " 'Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag' " *(Deuteronómium 30:19)*.

So verhaal is altyd hartseer: 'n jong persoon, in hierdie geval 'n 22-jarige vrou, was met 'n dodelik kwaal gediagnoseer, 'n kwaadaardige gewas op haar brein. Selfs met al die verbasende moderne medisynes kon niks vir haar gedoen word nie, behalwe om haar foltering te verleng totdat die onvermydelike sou intree. Maar hierdie jong vrou, "Sandy", wou nie gesterf het nie.

Sy het toe 'n plan gemaak. Na haar dood moes haar kop in 'n vrieskas geplaas word, in 'n houer wat met stikstofvloeistof gevul was, met die hoop dat haar breinselle bewaar sou word. En daar sou dit wag, vyftig jaar, een honderd jaar, 'n duisend jaar, totdat êrens in die toekoms die tegnologie genoeg gevorderd sou wees sodat haar brein wat uit senuweeverbindings bestaan, met 'n rekenaar gekoppel kon word. En, ja, Sandy sou dan kon "voortleef", dalk vir ewig selfs.

'n Hartseer verhaal, nie net omdat 'n jong persoon sou doodgaan nie, maar omdat sy haar hoop op lewe op die verkeerde plek geplaas het. Soos die meeste mense, wou Sandy gelewe het. Maar sy het 'n keuse gemaak wat, op die ou einde, definitief nie sou werk nie.

Hierdie week, terwyl ons verder in Deuteronómium studeer, gaan ons kyk na die keuse om te lewe, en die geleentheid wat aan ons gegee word om die lewe te kies, maar om dit volgens God se voorwaardes te kies, die Gewer en Instandhouer van lewe wat dit aan ons genadiglik aanbied.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 20 November.*

Die boom van die lewe

Nie een van ons het gevra om hier te wees nie, nie waar nie? Ons het nie gekies om te bestaan nie, nog minder waar en wanneer ons gebore moes word en wie ons ouers moes wees nie.

Dit was dieselfde met Adam and Eva. Hulle kon net so min as wat 'n blaar, 'n rots of 'n berg kon kies, ook nie gekies het om deur God geskep te word nie. Maar, as menslike wesens het ons nie net die voorreg ontvang om te kan bestaan nie ('n rots bestaan), en om te kan lewe nie ('n amoeba lewe), maar om te kan lewe met die vermoë om rasioneel te kan redeneer, en dan boonop nog om na die beeld van God geskape te wees.

Maar, ons is ook nie net gekies om te bestaan as rasionele vrydenkende wesens wat na die beeld van God geskape is nie. Wat God aan ons bied, is die keuse om vir ewig te kan bestaan; d.w.s., om te kan kies om in Hom vir ewig te lewe deur Jesus se dood op die kruis namens ons.

Lees Génesis 2:8, 9, 15–17 en 3:22, 23. Watter twee opsies het God aan Adam met betrekking tot Sy bestaan, aangebied?

_____

_____

"In die middel van die tuin was die boom van die lewe waarvan die vrugte die eienskap gehad het om die lewe te verleng. As Adam aan God gehoorsaam gebly het, sou hy gedurig toegang tot hierdie boom gehad het en hy sou vir ewig geleef het. Maar toe hy sondig, het hy nie meer toegang tot die boom van die lewe gehad nie en was hy onderhewig aan die dood. Die goddelike vonnis, "Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer", beteken die totale vernietiging van die lewe." — Ellen G. White, *Die Groot Stryd,* bl 532-533.

Daarom, reg van die begin af gee die Bybel ons net een van twee opsies: die ewige lewe, wat ons oorspronklik veronderstel was om te hê, of die ewige dood, wat in 'n sekere sin beteken om net weer na niks terug te keer, waar ons aan die begin was.

Dit is ook interessant hoe die "boom van die lewe" wat, volgens die Skrif, in die eerste boek van die Bybel, onsterflikheid gee, weer in die laaste boek van die Bybel herhaal word. Lees Openbaring 2:7 en 22:2 en vers 14. Die gedagte is dat alhoewel ons veronderstel was om toegang tot die boom van die lewe te kon hê, ons as gevolg van sonde daardie toegang verloor het; en nou, aan die einde, wanneer die sondeprobleem uiteindelik en heeltemal opgelos sal wees danksy Jesus en die plan van verlossing, die verlostes, hulle wat die lewe gekies het, weer toegang tot die boom van die lewe sal hê soos wat hulle van die begin af veronderstel was om te hê.

Dink daaroor na: Deur ons daaglikse keuses, hoe kies ons òf om te lewe, òf om te sterwe?

Geen middeweg

Regdeur die Bybel word daar aan ons een van twee keuses gegee.

Lees die volgende teksverse. Watter twee opsies word in hierdie verse openlik gegee, of geïmpliseer, en hoe word dit aangebied?

*Johannes 3:16*_____

*Génesis 7:22, 23*_____

*Romeine 6:23*_____

*Romeine 8:6*_____

*I Johannes 5:12*_____

*Matthéüs 7:24–27*_____

Op die ou einde is daar geen middeweg vir ons as menslike wesens nie. Voordat die groot stryd heeltemal verby is, sal sonde, Satan, boosheid, ongehoorsaamheid en rebellie uitgewis wees. Nadat dit gebeur het, sal elkeen van ons, persoonlik, die lewe, die ewige lewe hê wat God vir ons oorspronklik beplan het voor die skepping van die wêreld af, of ons sal die ewige dood tegemoetgaan, d.w.s. '"n ewige verderf, weg van die HERE en van die heerlikheid van sy sterkte" *(II Thessalonicense 1:9)*. Die Bybel bied oënskynlik nie enige ander opsies aan nie.

Watter een sal ons lot wees? Daardie antwoord hang uiteindelik van onsself af. Ons het nou die keuse, die lewe of die dood.

In die konteks van die ewige lewe of die ewige dood, hoekom is die Bybelse waarheid dat mense nie vir ewig en ewig in die hel gaan brand en gefolter word nie, so 'n troosvolle waarheid? Wat sou dit van die karakter van God gesê het indien ewige bewuste foltering werklik die lot van die verlorenes sou wees?

Lewe en geluk, dood en ongeluk, seëninge en vervloekinge

Naby die einde van die boek Deuteronómium, na 'n lang bespreking oor wat met die volk sou gebeur as hulle ongehoorsaam aan die Here sou wees en die verbondsbeloftes sou oortree, begin Deuteronómium 30 met 'n belofte dat indien hulle in ongehoorsaamheid sou verval en met ballingskap gestraf sou word, God hulle ten spyte daarvan weer in die land sal herstel.

Dit is natuurlik as hulle tot inkeer gekom het en hulle van hulle verkeerde weë bekeer het.

Lees **Deuteronómium 30:15–20. Wat is die opsies hier wat aan antieke Israel voorgehou was, en hoe weerspieël hierdie opsies dit wat ons regdeur die Bybel sien?**

_____

_____

Die Here maak dit baie duidelik: Hy, Yahweh, het een van twee opsies aan hulle voorgehou, wat Hy eintlik ook met Adam en Eva in Eden gedoen het. Die feit is dat die Hebreeuse woorde vir "goed" *(tov)* en "kwaad" *(ra')* wat in Deuteronómium 30:15 in die Afrikaanse Ou Vertaling as "geluk" en "ongeluk" vertaal word, dieselfde woorde is wat in Génesis vir die boom van "goed" *(tov)* en "kwaad" *(ra')* gebruik word. Hier, soos regdeur die Bybel, is daar geen middeweg nie, geen neutrale plek om te wees nie. Hulle sal of die Here dien en lewe, of hulle sal die dood kies. Dis dieselfde vir ons ook.

Lewe, geluk, seëninge, in teenstelling met wat? Die dood, kwaad en vervloekinge. Tog, op die ou einde kan daar tereg geredeneer word dat God aan hulle die goeie, alleenlik die lewe en seëninge voorhou. Maar, as hulle van Hom sou wegdraai, sal hierdie slegte dinge die natuurlike gevolge wees, want hulle geniet dan nie meer Sy spesiale beskerming nie.

Maar ons verstaan dit, hierdie opsies word aan die volk voorgehou Die werklikheid van hulle vrye wil, hulle vrye keuses, is ook baie duidelik. Hierdie verse, saam met so baie ander in die Bybel, Ou en Nuwe Testament, maak geen sin sonder die heilige gawe van die vrye wil en vrye keuse nie.

Die Here het eintlik vir hulle gesê: *Daarom, met die vrye wil wat Ek aan jou gegee het — kies lewe, kies seën, kies geluk, nie die dood, kwaad, en vervloekinge nie.*

Dit lyk so vanselfsprekend wat die regte keuse sal wees, nie? En tog weet ons wat gebeur het. Die groot stryd was toe werklik net soos dit nou is, en ons moet leer uit Israel se voorbeeld wat kan gebeur as ons nie onsself heeltemal aan die Here oorgee en die lewe kies nie, en ook alles wat hierdie keuse insluit nie.

Lees Deuteronómium 30:20. Let hier op na die verband tussen liefde en gehoorsaamheid. Wat moet Israel doen om aan die Here getrou te wees? Hoe is dieselfde beginsels vandag nog op ons van toepassing?

Is nie vir jou te swaar nie

Deuteronómium 30 se openingsverse beskryf wat die Here vir die volk sou doen as hulle tot inkeer sou kom en hulle sondige weë sou versaak. Watter wonderlike beloftes was daar nie aan hulle belowe nie!

Lees **Deuteronómium 30:1–10. Watter beloftes was deur God aan hulle gemaak ten spyte van die feit dat hier gepraat word oor wat met hulle sou gebeur het voordat hulle ongehoorsaam sou wees? Wat leer dit ons oor God se genade?**

_____

_____

Dit moes sekerlik bemoedigende woorde gewees het om te hoor. Maar, die punt was nie dat dit nie sou saak maak as hulle sou afdwaal van dit wat God beveel het nie. Die Here bied aan niemand goedkoop genade aan nie. Die doel was dat dit God se liefde aan hulle moes getoon het, en dus, in antwoord daarop, sou hulle hom dan moes liefhê deur gehoorsaam te wees en te doen wat Hy aan hulle gesê het om te doen.

Lees **Deuteronómium 30:11–14. Wat sê die Here aan hulle hier? Wat is die basiese belofte in hierdie verse en watter Nuwe Testamentiese verse kan jy aan dink wat dieselfde belofte weerspieël?**

_____

_____

Met hierdie pragtige taal en juiste redenering, kom ons kyk na hierdie versoek. Die Here vra nie dat hulle iets moet doen wat vir hulle te moeilik sal wees nie. God se bevel is nie te "swaar" of te "ver" om te verstaan nie. Nog minder is dit buite hulle bereik nie. Dit is nie hoog bo in die hemel of so ver weg dat iemand anders dit vir hulle moet gaan haal nie; dis ook nie ver oorkant die see sodat iemand anders dit vir hulle moet bring nie. In stede daarvan sê die Here: "Maar baie naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen" *(Deuteronómium 30:14)*. Dit wil sê, jy ken dit goed genoeg om daaroor te praat, en dit is in jou hart sodat jy weet dat jy dit moet doen. Daarom is daar geen verskoning om nie gehoorsaam te wees nie. "Wanneer die wil van die mens met die wil van God saamwerk, word dit alvermoënd." — Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 333.

Om die waarheid te sê, die apostel Paulus verwys na hierdie verse in die konteks van verlossing in Christus; dit wil sê, Paulus verwys daarna as 'n voorbeeld van geregtigheid deur geloof. *(Lees Romeine 10:6–10.)*

En dan, na hierdie verse in Deuteronómium, word daar aan die kinders van Israel gesê om die lewe of die dood, geluk of ongeluk te kies. En as hulle deur genade en deur geloof die lewe kies, sal hulle dit kry.

Dis geensins anders vandag nie, is dit nie?

Die vraag oor aanbidding

Die kern van die verbondsverhouding tussen die Here en Israel was aanbidding. Wat hulle anders as die wêreld rondom hulle gemaak het, was dat hulle die enigste nasie was wat die ware God aanbid het, teenoor die valse gode en godinne van die heidense wêreld wat eintlik glad nie gode was nie. " ' "Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie ... " ' " *(Deuteronómium 32:39)*.

Lees **Deuteronómium 4:19; 8:19; 11:16 en 30:17. Wat is die algemene waarskuwing in hierdie verse? Hoekom is hierdie waarskuwing vir die nasie van Israel so noodsaaklik?**

_____

_____

Duisende jare gelede, net soos vandag, het God se volk hulle in 'n kultuur en omgewing bevind wat, in die meeste gevalle, standaarde, tradisies en begrippe getoon het wat met hulle eie geloof gebots het. Daarom moet God se volk ook altyd op hulle hoede wees om nie die wêreld met sy afgode en "gode" die voorwerp van hulle aanbidding te maak nie.

Ons God is 'n "jaloerse God" *(Deuteronómium 4:24; 5:9 en 6:15)*, en Hy alleen, ons Skepper en ons Redder, is waardig om aanbid te word. Hier is ook geen middeweg nie: ons aanbid óf die Here wat lewe, geluk en seëninge bring, óf ons aanbid enige ander god wat kwaad, ongeluk en die dood oor ons pad bring.

Lees **Openbaring 13:1–15 en fokus op hoe aanbidding hier beskryf word. Kontrasteer dan hierdie verse met Openbaring 14:6-12. Wat gebeur hier in Openbaring wat die waarskuwing in Deuteronómium (en eintlik regdeur die Skrif) teen valse aanbidding uitbeeld?**

_____

_____

Hoe die konteks ook al verskil, die vraag is dieselfde: Sal die mens die ware God aanbid en die lewe verkry, of sal hulle openlik of subtiel of beide, voor die druk swig, weg van Hom af om dan die dood tegemoet te gaan? Die antwoord skuil eintlik in elke individu se hart. God het nie vir antieke Israel gedwing om Hom te volg nie, en Hy sal ons ook nie dwing nie. Soos ons in Openbaring 13 lees, sal dwang deur die dier en sy beeld toegepas word. God doen die teenoorgestelde, Hy werk met liefde..

Hoe kan ons seker maak dat ons nie ons toewyding aan Jesus stadigaan, selfs subtiel, verloor deur 'n ander god te aanbid?

Vir verdere studie: In die verlede was daar aan almal 'n keuse gegee, en nou ook. Die beslissende woord hier, is keuse. 'n Sekere begrip wat deur 'n groot gedeelte van die Christendom aangehang word dat selfs voordat mense gebore word, God hulle uitverkies het om nie net verlore te gaan nie, maar om in die hel vir ewig te brand, word deur die Skrif weerlê. Die Bybel leer dat ons eie vrye keuse om te lewe of te sterwe, gelukkig of ongelukkig te wees, goed of kwaad te ondervind, sal bepaal watter drie (lewe, geluk, die goeie – of die dood, die ongeluk, die kwaad) ons uiteindelik te beurt sal val. En hoe gerustellend is dit nie om te weet dat as iemand selfs die verkeerde keuse maak, die dood, die ewige dood, jou lot sal wees, en nie ewige foltering in 'n poel van vlamme wat nooit uitbrand nie.

" 'Die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse HERE.' *(Romeine 6:23)* Terwyl die lewe die erfdeel is van die regverdiges, is die dood die erfdeel van die goddelose. Aan Israel het Moses gesê, 'Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk' (Deuteronómium 30:15). Die dood waarna verwys word in hierdie skrifture is nie die dood wat oor Adam uitgespreek is nie, want die hele mensdom deel in die straf van sy oortreding. Dit is die 'tweede dood' wat hier in teenstelling met die ewige lewe genoem word." — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 544.

Vrae vir bespreking:

❶ Praat in die klas meer oor die gedagte wat in Dinsdag se studie aangebied word, of dit God is wat direk straf uitdeel vir ongehoorsaamheid hier en nou, en of dit 'n wetlike gevolg is vir ongehoorsame handelinge. Of kan dit beide wees? Of, kan daar gevalle wees waar dit die een of die ander is? Hoe verstaan ons hierdie onderwerp?

❷ Wat leer die verse wat in die Ellen White aanhaling hierbo gebruik word ons oor die beskikbaarheid van God se krag om sonde nou te kan oorwin?

❸ Lees Romeine 10:1–10 waar Paulus Deuteronómium 30:11–14 aanhaal om verlossing deur geloof in Jesus in teenstelling met verlossing en regverdiging deur die wet, te verduidelik. Hoekom dink jy het hy hierdie verse in Deuteronómium gebruik? Let veral op na Romeine 10:10: "want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding". Watter punt wil Paulus hier tuisbring?

❹ Op watter maniere kan jou eie kultuur, jou eie gemeenskap, jou eie mense se sienings jou tot valse aanbidding lei as jy nie versigtig is nie?